

Inhoud Hierdie preek wys dat God Homself in Christus ons erfdeel maak. Hy gee Hom en sy liefde as gawe sodat ons Hom onbevange kan dien. Daarom is ons lewe ons vreugde en leef ons ons eie lewe in sy liefde en diens. Hy maak dat ons altyd ons lewe as diens aan God oordink. Jesus wie as afgod gepreek word, eis bloedoffers: of jy offer jouself en jou lewe vir Hom op of Hy vernietig jou deur al die geweld van hierdie goddelose wêreld. Vir hierdie afgod wat Jesus genoem word kan jy net in vrees oorleef, terwyl jy jouself en alles wie jy is en wat jy het vir hom as bloedoffer moet prysgee, opgee, weggee en oorgee. Christene leef in vreugde hul lewe met die Here as gawe en gee dit nie op om vreesbevange net te oorleef nie.

Skriflesing Ps. 16; Num. 26: 53 – 56, 62; Hand. 2: 24 – 28, 32.

Teks Ps. 16: 6: “n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja wat ek ontvang het, is vir my mooi.”

Tema God gee ons die gawe om in sy liefde te leef

1. Leef ons in die vreugde en waardevolheid van ons erfenis by God of met die mag wat ons deur bloedoffers verkry?

Dit is die teenstelling van twee soorte waarderings en vreugdes van die lewe in Ps. 16 vers 6 en 4. Dawid bely in vers 6 dat wat Hy van God ontvang het, is vir hom mooi. Die Hebreeuse woord beteken sy erfdeel, sy erfporsie. In vers 4 verklaar Dawid dat hy nooit vir enige afgod 'n drankoffer van bloed sal uitgiet nie.

Dawid loof, dank en eer God dat Hy ons die vreugde van 'n lewe met Hom as 'n gawe gee en spreek sy afkeur uit teenoor die afgode wat vir die mense so aantreklik is. Dit is aanloklik. Die aanloklike van hierdie afgode is dat wanneer jy vir hulle bloedoffers gee, hulle jou die begeertes van jou hart gee.

Die lewe wat God sy dienaars as gawe gee, is mooi, maar die lewe wat deur bloedoffers verkry is, vererger net mense se smart!

2. Die ironie van Dawid se vervulling van vreugde en verwondering oor sy lewe met God is dat dit 'n lewe is binne permanente doodsgevaar. Dit is 'n lewe waar hy altyd binne dreigende dood geleef het. Dit wys in vers 1 en 10. Hy soek by God skuiling en beskerming sodat hy nie sterf en in 'n graf opeindig nie want dit is die werklikheid waarin hy homself bevind.

Dawid was sy hele lewe lank 'n krygsheer, eers van 'n privaatweermag en toe as generaal van die weermag van Israel. In hierdie posisie was hy altyd in die skadu van die dood, eers deur sy eie koning Saul, toe deur vreemde konings en toe self ook deur die magslus van sy eie seun Absalom.

Saul as koning het dit sy lewenstaak gemaak om Dawid as 'n lojale en getroue onderdaan te jag om dood te maak omdat hy geweet het Dawid gaan sy seun Absalom se plek as koning oorneem. Dawid moes sy hele lewe lank oorlog teen vreemde konings voer en dit was ook die rede hoekom hyself nie die tempel kon bou nie volgens die profeet Natan. Dawid moes vir sy eie lewe vlug uit Jerusalem omdat sy seun Absalom 'n rebellie gelei het waar hy sy pa wou doodmaak om homself koning te maak.

### 3. Hoe leef en reageer 'n mens wat aanhoudend binne lewensgevaar is?

Sulke mense begin net oorleef en leef nie meer nie! Wat is die verskil tussen leef en net oorleef? Oorleef beteken dat jou lewe gedagtes, gevoelens en verwagtings vervul is met die dreigende ellende, gevaar en dood. Daarom is jy net ongestel hoe om uit hierdie bevangeheid te kom.

Hierdie bevangeheid vervreem jou van die vreugde en waardering van die lewe wat verwoord word in hierdie belydenis: “'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja wat ek ontvang het, is vir my mooi.”

Hierdie bevangeheid vervreem jou ook van die ingesteldheid om die kosbaarheid van jou lewe te koester met die soeke na die regte insig hoe om so waardevolle lewe ten volle te leef. Dit wat Dawid bely as dat Hy tot laatnagte bewus is van wat die Here hom leer hoe om die volle waarde van sy lewe te kan uitleef.

Dit is die onverstaanbare van hoe Dawid sy lewensbedreigings deurleef! In hierdie permanente doodsbetreigings, in die skaduwee van die dood is hy vervul met 'n innerlike vreugde en verwondering oor die kosbaarheid van sy lewe!

### 4. Is dat Dawid histeries besig om in ontkenning van die werklikheid om hom te leef?

Dit is hoe die filosowe en die geestelikes van hierdie wêreld met hulle motiveringspraatjies ons baie keer wil opbeur en beter laat voel: “wees net positief”, “wees net opgewonde in die Here”, “sien net die glas is nie half leeg nie, die glas is half vol”, “daar is nog altyd iets om oor bly te wees”, alles praatjies wat die werklikheid van dreigende gevaar en dood wil mooimaak!

Dawid is nie besig met ontkenning nie, maar met die vraag en antwoord waarom die lewe gaan. Hy noem sy lewe “sy erfdeel.” Dit is vertaal as wat ek ontvang het.” Hierdie erfdeel is dit wat u in Numeri gehoor het. Elke stam het 'n gedeelte van die beloofde land ontvang deur die lot. Dit was 'n geloofsdaad waarmee hulle die land as gawe van God ontvang het en nie die land gesien het as hulle verowerde buit nie. Elkeen van die twaalf stamme het 'n stuk land gekry volgens die lot, behalwe die stam Levi.

Hulle erfdeel was die eer om die tempeldiens vir God te behartig.

Kyk gerus weer wat noem Dawid sy erfdeel. Ek lees verse 5 en 6 vir u uit die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling: “Here, my erfdeel, my beker, U bepaal my lot. Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.” Dawid noem die erfdeel van die priesters, sy erfenis wat God deur die lot aan Hom gegee het, soos met die verdeling van die beloofde land aan die twaalf stamme.

5. Die pragtige deel wat vir hom as erfenis gegee is, is die Here self. Die Here is sy erfdeel, soos vertaal: “Here, U is my lewe.” Daarom kan Dawid in vers 2 bely: “Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe U.”

Die pragtige erfenis is dat God Dawid gekies het vir sy liefde en sy diens. God sluit Dawid in sy liefde as God in en maak sy lewe ’n lewe in God se liefde en diens. Sy lewe is tempeldiens. Dit is die besondere waarde van Dawid se lewe – die Here is sy lewe! Lewe is om in God se liefde en diens te leef!

Só ontdek erken Dawid God as gewer, versorger, beskermmer en Here van hierdie tipe lewe: lewe as gawe in die liefde en diens van God! Nie net die lewe self nie, maar alles wat ons in die lewe ontvang as eiendom, gesag, verhoudings en arbeid, ook dit bely Dawid kom alles van God af.

Dit is die wonder van Dawid se lewe wat Hom met soveel verwondering oor sy lewe vervul: lewe is die gawe om aan God te behoort in sy liefde en toegewy te wees aan sy diens. Dit is wat die lewe in alles goed maak – om in God se liefde en diens te leef! Daarom bely Dawid dit so: Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe U.” Verder, alles waarmee ek en waardeur ek leef, is God wat dit vir my gee. God en alles wat my toekom, is my erfdeel, gawes van God!

Alles wat goed is in en van die lewe, is die liefde in en diens waarin ’n mens met God saamleef.

6. Watter bedreiging kan hierdie erfdeel van ’n gelowige roof: God is my erfdeel?

Watter dreigende mag kan die volgende met my regkry: “Ek behoort nie meer aan God nie. God is nie meer my erfdeel nie. Ek kan nie meer in sy liefde in diens leef nie!”

Watter verlies van eiendom, sekuriteit, gesondheid en geliefdes kan hierdie waarde van my lewe verander: wat ek het, het ek van God ontvang wat my versorg, bewaar en beskerm? Watter verlies kan maak dat ek nie God en alles wat Hy vir my wil gee nie meer as gawe van God sal ontvang nie. Ontvang as gawes, erken as gawe en nooit opeis as verdienste en reg nie!

Hierdie erfdeel, God as gewer van alle goeie gawes, kan niks en niemand van ons roof nie! Niemand kan God as gewer van Homself en sy gawes by ons steel en roof nie, al steel en roof hulle ons besittings. Niemand kan God as gewer van alle goeie gawes van ons vervreem nie, al vervreem hulle ons van die hele gemeenskap. Niemand kan hierdie waarde van ons lewe tot niet maak nie: ek behoort aan God en Hy versorg my met sy goeie gawes. Geen teenspoed kan maak dat ek nie in God se liefde en diens leef nie.

Want die Here is my erfdeel, my erfporsie. Hy maak Hom en sy liefde en sorg vir my 'n gawe!

7. Met hierdie sekerheid oor God wie sy erfdeel is, my lewe is 'n lewe in sy liefde en diens, leef Dawid die lewe!

Vir wie God vir Hom is, voel hy in alle doodsgevaar, veilig. Veilig dat God sy erfdeel is! Maar meer as dit. In en deur alle lewensgevaar en doodsb bedreigings vind Dawid vreugde in hierdie besondere lewensgawe: ek leef in God se liefde en diens!

Dawid voel hom nie vreesbevange in al die doodsb bedreigings en daarom ingesteld op oorlewing nie. Hy wil nie oorleef nie. Dit is die bevangeheid waarin 'n mens die hele tyd ingesteld is op: "Wanneer gaan hulle kom? Wat gaan hulle doen Wanneer gaan dit gebeur? Wat is hulle planne? Wie gaan kom?" Dawid leef nie in hierdie bevangenheid nie. Hy wil leef! Leef in God se liefde en diens wie sy erfdeel is.

Maar meer as dit! Hy is innerlik verheug oor die lewe wat hy met God mag leef: "Ek is bly en juig en voel my veilig."

Dit kom alles in 'n kort geloofsbelydenis byeen: "U leer my hoe om te leef!" Ons mag hierdie belydenis glad nie nou skielik probeer verstaan asof die Here die regte reëls en regulasies vir die lewe gee nie! Hoe om te leef, is om te leef in die geloof dat God my erfdeel is! Hy gee my die lewe in sy liefde en diens as gawe! Hy behou, bewaar, beskerm en versorg my in sy liefde en diens met alle goeie gawes uit sy hand!

God leer ons om in hierdie geloof in Hom te leef! Daarom vervul ons met die gedagtes, gevoelens en ingesteldheid om tot in die nagte laat besig te wees om ons diens, ons taak en werksaamheid in sy liefde te oordink. Soos Dawid stel: "Selfs in die nag bly ek bewus van wat U my leer." Wie God en sy liefde as erfdeel ontvang in die geloof, is altyd met sy liefde en diens besig.

8. Dit is hierdie lewe wat die Here Jesus Christus vir ons as 'n gawe bewerk en gee.

In Handeling 2 luister ons na die eerste preek wat deur 'n apostel, Petrus, gepreek word na die opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Petrus haal Psalm 16

aan om te wys wie Christus is, wat met Christus gebeur het en wat Christus vir ons bewerk het. Met vers 10 wys Hy wat die Vader met sy Seun gedoen het: “U gee My nie aan die dood oor nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie. U leer my hoe om te leef!”

Christus was nie God se bloedoffer gewees nie. Christus is nie doodgemaak om God se mag te bevestig nie. Christus is deur die Vader die gawe van lewe gegee na Hy die geregtigheid van die wet vir sondaars vervul het. So het die Vader Hom die lewende Christus gemaak wat die gawe van die Heilige Gees gee, nie bloedoffers eis nie.

Die gawe van die Heilige Gees is hoe God Homself ons erfdeel maak. Christus gee aan ons die gawe van die Heilige Gees as die gawe van God se liefde, genade, barmhartigheid en goedheid. Die gawe van die Heilige Gees, is die gawe dat ons altyd vir God se liefde behoue is, vir ewig. Die gawe van die Heilige Gees is die gawe wat ons 'n nuwe hart en verstand gee wat besig is met ons diens en liefde vir God sodat ons ook laatnagte nog lê en dink oor wat God ons leer.

Omdat Christus van die Vader se troue liefde en die gawe van lewe na sy dood verseker was, het die mag van die Romeinse ryk, die mag van die Sanhedrin en die mag van die Joodse gepeupel Hom nie vreesbevange gemaak nie en Homself nie aan hul mag oorgegee nie. Hy was besig met sy taak as Messias waarvoor Hy bestem was en dit het Ho vervul, nie die vrees van die magte om Hom nie.

Christus laat ons met die gawe van die Heilige Gees leef. My maak God self ons erfdeel en só is alles wie ek is en wat ek het 'n gawe van God. Ons leef in die geloof in hierdie gawe en só kan ons ook saam met Dawid God loof: “'n Pragtige deel is vir my afgemeet, God is my erfenis, ja wat ek ontvang het, is vir my mooi.” Só leef ons ons lewe in die liefde en diens van God, onbevange deur almal wat ons wil dood maak, dood wens, uit die weg wil ruim, wil roof, besteel, verniel, martel en verarm.

Onbevange oor alles en almal se vyandskap, leef ons met vreugde, dankbaarheid en verwondering in die liefde en diens van God wie Homself ons gawe gemaak het.

## 9. God soek bloedoffers!

Dit is die aantreklike en aanloklike god van hierdie wêreld! Dawid wys dat dit die god is wie baie van die Israeliete en al die heidense volke wil aanbid die gode wat bloedoffers eis!

Die dood maak van diere en selfs hul eie kinders (die verering van die afgod Molog, ook deur Israeliete) om bloed in 'n beker op te vang en hierdie bloed dan as drankoffer uit te giet vir afgode, is waarna Dawid verwys met die woord “bloedoffers.”

Die uitgiet van bloed as offer was deur God verbied. In die plek van die uitgiet van bloed as bloedoffer, moes Israeliete wyn uitgiet. Wyn as teken van lof, dank en blydschap as die gawe wat ons aan die Here toewy. God soek nie bloed nie. God soek blydschap, lof en dank vir die erfdeel wat Hy ons laat toekom.

Hoe werk bloedoffers?

Dit is offers waardeur afgode magtige gode word. Bloedoffers is hoe afgode mag kry, hulle mag uitbrei en hul mag handhaaf. Afgode kry mag deur altyd iets wat God as Skepper gee en laat lewe, te breek, te verniel en dood te maak. Afgode se mag is om die gawe van God van lewe en diens te vernietig.

Geen offer wat die Here in die Ou Testament voorgeskryf het, was bloedoffers nie. God het geen mag of krag gekry uit die doodmaak van diere, die verband van graan of die uitgooi van olie en wyn nie. Dit was alles tekens wat God vir sy volk gegee het om vir hulle sigbaar te wys watter gawes Hy vir hulle gee.

Dit is die kontras wat ons tussen God en afgode moet ontdek!

God gee Homself as gawe sodat sy kinders in sy liefde en diens as gawe van god kan leef. Afgode soek bloedoffers. Jy moet iets van jouself breek, verniel, opgee, prysgee, oorgee, weggee en doodmaak om daardeur hierdie god met mag te beklee.

God is die Here wat ons in die lewe wat Hy vir ons is en gee, bewaar, beskerm, beveilig en versorg teen alle magte en kragte wat ons wil dood maak, dood ens, uit die weg wil ruim, besteel, roof, plunder en wil verniel.

Afgode is gode wie jou aan hierdie magte oorgee, wanneer jy nie jouself as bloedoffer aan hulle oorgee nie. Wanneer jy hulle nie met bloedoffers bemagtig nie, maak hulle jou dood deur almal en alles wat jou bedreig!

10. Dit is hoe Jesus Christus wêreldwyd in kerke gepreek word – as 'n afgod wat bloedoffers van jou eis en jou aan al die kragte en magte van die dood sal oorgee as jy nie jouself as bloedoffer aan Hom oorgee nie.

Dit is Jesus as afgod nog al die jare in die NG Kerk gepreek word!

Eers was Hy as afgod só gepreek! Jy moet jou lewe, jou hart, jou besittings, jou vroue en kinders vir God opoffer. Dan sal jy God se koninkryk se sterk maak dat jy voorspoedig en veilig sal wees. As jy nie hierdie bloedoffer vir Jesus gee nie, gaan Jesus jou oorgee aan die kommuniste en dan gaan hulle jou kom doodmaak. So was Jesus in my eie kleuter en tienerjare gepreek gewees in die NG Kerk. Of jy gee vir Jesus 'n bloedoffer of Hy maak jou met al die kragte en magte wat jou bedreig 'n bloedoffer.

Vir die volgende geslag kinders is daar weer gepreek jy moet jou hart, jou lewe en toekoms, jou beheer van die land prysgee as bloedoffer en dan sal Jesus vrede en voorspoed in Suid Afrika gee. As jy nie vir Jesus hierdie bloedoffer gee nie, dan gaan Hy jou aan die swartmag en rewolusie oorgee en gaan hulle jou kom doodmaak. Jesus gee jou aan al almal wat jou wil doodmaak se mag oor as jy jouself nie aan Hom as bloedoffer gee nie.

Vir vandag se geslag kinders en tieners preek die NG Kerk weer, dat hulle moet hulle reg op 'n toekoms, studie, geleentheid, erkenning, verdienste en werk as bloedoffer opgee en die strate in townships gaan skoonmaak, vrywillige gemeenskapsdiens in gemeenskappe gaan doen wat hul geleentheid kry en vat anders gaan Jesus hulle oorgee aan die geweld van almal wat hulle eiendom, plase, lewe, en toekoms wil roof. Of is maak jouself Jesus se bloedoffer of Jesus maak jou met die geweld van die goddelose wêreld sy bloedoffer.

11. Hierdie god wat jou 'n bloedoffer maak is die god vir wie jy net oorleef. Dit is die god vir wie jy alles moet opgee, weggee, prysgee en oorgee net om te mag oorleef.

Wie is Jesus Christus?

Die Here van Psalm 16 wie Homself ons erfdeel maak om te leef in die vreugde en blydschap van 'n lewe in sy diens en liefde of is Hy 'n god wat bloedoffers vra? Wie jou in vrees vir al die magte van die dood waaraan Hy jou sal gee, jou lewe laat opoffer net om te mag oorleef?

Jesus is nie die afgod in Psalm 16 wat bloedoffers eis nie. Die naam van hierdie tipe Jesus wat in ons kerk gepreek word mag ons nie eers op ons lippe neem nie. Ons mag nie maak asof dit die Here Jesus is van wie Dawid so getuig nie: "U leer om hoe om te lewe! By u is daar oorvloedige blydschap. Uit u hand kom daar net wat mooi is ... selfs in die nag is ek bewus van wat u my leer", die tipe Jesus van die NG Kerk is wat bloedoffers eis nie. Hierdie tipe Jesus moet ons minag vir wie Hy is – net nog 'n afgod in die Naam van Jesus.

Christus laat ons nie net oorleef solank ons onself 'n bloedoffer vir God maak nie. hy is nie die afgod wat ons laatnagte in die bed laat rondrol met die vrees: "Wanneer kom hulle?", "wanneer gaan hulle alles kom vat?", "wanneer kom hulle ons doodmaak?", "wanneer kom hulle alles plunder?" want ek het nie genoeg bloedoffers vir Jesus gegee nie, nie genoeg opgegee, weggegee, prysgegee en oorgegee nie."

Hy is die Here wat Homself as offer gegee het, maar nie God se bloedoffer geword nie, want Hy is uit die dood opgewek sodat Hy vir my Homself as Here my erfdeel kon maak. Hy het Homself en alles wat ek elke dag ontvang sy gawe aan my gemaak.

Met hierdie gawe leef ons ons lewe vir Hom in sy liefde en diens in die verwondering van die waarde wat Hy aan ons en ons lewe vir Hom gee. Ons leef nie om sy of magte wat H op ons sal loslaat se bloedoffers te wees nie.

Wie sy lewe as bloedoffer moet gee, sal baie smart beleef! Wie sy lewe as erfdeel van God ontvang om in sy liefde en diens te leef, sal altyd met hierdie innerlike blydschap en verwondering sy lewe vir god kan leef: “n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja wat ek ontvang het, is vir my mooi.”

In ons geloof dat die Here self die offer vir ons sondes was, maar nie God se bloedoffer was nie, leef ons ons eie lewe in vreugde vir Hom! Kom ons verwerp met minagting hierdie valse Jesusbeeld van die kerk: wees self of word Jesus se bloedoffer deur die magte van hierdie wêreld! Oorleef net!